

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 80

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ONS HET 'N WEG GEVIND

Die pad van die dood! Só word sekere paaie genoem. Ook heeltemal tereg. Dit is paaie waarop menseleuens soms so maklik weens die drukke verkeer in 'n ongeluk afgeknip word.

Dit gebeur daagliks. U weet dit self.

- Dit is skreeuende remme.
- Dit is uiteenskietende glasskerwe.
- Dit is dowwe slae van 'n rollende motor.
- Dit is miskien 'n paar benoude skerp gille.
- Dit is donker stofwalms wat eensaam bly hang.
- Dit is radionuus of dit staan in groot opskrifte in die dagblad.
- Nog 'n ongeluk. Op slag dood.
- U lees dit en gril. . . en u gaan aan met u werk!

Só is ook die pad van die lewe. Dit is eintlik 'n pad van die dood — veral sonder Jesus Christus.

Dit is daarom 'n uiters gevaarlike pad. Die tol wat dit eis is geweldig hoog. Die sekel van die satan sny met groot hale op hierdie pad. Dit sny tot die ewige dood!

Maar tóg is daar 'n vaste moontlikheid om hierdie dood sonder Jesus Christus, op die pad van die lewe te ontkom. En hierdie moontlikheid is Jesus Christus self.

Hyself is die weg!

'n Uitweg

Hy is vir u 'n uitweg.

U weet 'n mens voel soms in die middel van die wêreld. Veral as jou sonde jou een of ander tyd beetpak. Dan weet jy nie of jy nou na links of na regs, vorentoe of agtertoe, of na watter kant ookal die wyk moet neem nie. Alle lewensdeure lyk vir jou op slot en grendel. Jy is 'n ingeperkte

- En tóg is daar 'n uitweg. God het aan ons hierdie uitweg gegee. Daarom is hierdie uitweg duidelik en bekend. Dit is Jesus Christus self.
- Hy is die uitweg uit die vangnette van alle sonde. Hy is die deur uit die donker sondekamertjies van die lewe.
- Hy gee die uitweg deur die kruis.

'n Deurweg

Hy is vir u 'n deurweg.

U ken seker ook die doodloopstrate van die lewe. Dit is wanneer u nie meer verder in die lewe kan gaan nie. Dit is asof die pad vir u doodgeloop het. Dit is asof u voor u gees die bordjies sien staan: Geen deurgang.

Kyk by hierdie doodloopstrate net op. Kyk op na God deur Christus. Kyk op na Hom in die gebed. Vou u hande, sluit u oë en open u hart tot God — al is dit vir die eerste keer, of al het u dit in jare miskien nog nooit gedoen nie.

In Jesus Christus sal u altyd 'n deurweg vind.

In Hom gaan die weg verder.

In Hom gaan die wáre lewe voort.

'n Omweg

Stadig! Omweg vorentoe! Baie stadig!

U ken hierdie padtekens. Dit is goeie waarskuwings. Dit maak die pad vir ú veilig.

Ons het sulke veiligheidstekens ook in ons lewe nodig.

Daar is noodsaaklike en regte omweë op die lewenspad waarop ons gewys moet word.

Ons moet met omweë om die sonde en die sondeplekke gaan.

Ja, vlug vir die sonde! Ontwyk dit! Vermy die plekke waar die plaë val!

Die weg daarom is nog steeds Jesus Christus. Hy wil u ook veilig daaromheen neem.

'n Oorweg

U sê, u hou daarvan om met sekerheid veilig te reis. U wil graag altyd u bestemming veilig bereik. Dit is verstandig om so te dink.

Ja, u is op pad. U is op die lewenspad, saam met my en al die ander.

Hierdie lewenspad sal u — netsoos vir my en die ander — eendag vanuit hierdie lewe na 'n lewe anderkant die graf neem.

'n Uiters dringende vraag is nou: wat sal die bestemming wees waarheen ons oorgeneem sal word? Sal ons daar behoue aankom?

Ek is seker dat die antwoord vir ons hierin lê: Op watter oorweg sal ons vanuit hierdie lewe die toekomstige lewe binnegaan?

— Daar is net één veilige oorweg.

— Dit is Jesus Christus self.

— Wie met Hóm vanuit hierdie lewe in die toekomstige lewe oorgaan, sál gered wees. Hy alleen sal ons oë in die ewigheid van God met die lowende engele en verlostes laat oopgaan. Hy alleen is ons weg daarheen.

U vra na die pad van die lewe?

Dit gaan oor Golgota.

Dit is in Jesus Christus gebaan.

Ek is die Weg ... het Hy gesê.

Volg in die geloof Sy bloedspoor vir u ewige saligheid.

Dan sal ook ú naam in die boek van die lewe geskrywe staan en eendag uitgelees word.

P. du Plessis.

Heil, die leser!

Gaan u vakansie 'n mooi ondervinding wees waaraan u later met blydschap terugdink of gaan dit 'n nagmerrie wees waaroor u later gaan spyt wees en skaamkry en wat u liewer so gou moontlik sal wil vergeet?

VAKANSIEGANGERS... AANDAG ASSEBLIEF



Hier volg 'n paar sake wat u aandag verdien.

- **Padveiligheid**

'n Mens neem deesdae jou eie lewe en die van jou familie in jou hande as jy gedurende die vakansieweke in 'n motor klim. Tientalle gaan gedurende dié weke 'n grusame dood op ons paaie sterf. Honderde gaan vermink word en vir die res van hul lewe doodongelukkig wees.

Nalatigheid en roekelose bestuur, te hoë spoed, 'n oorlaaide of onpadvaardige motor, ligte wat nie gedeflekter word nie, 'n motor wat binne in die grootpad geparkeer word, veronagsaming van padtekens, buffelagtigheid, te lang skofte en veral... veral daardie drankie vir die pad — en jy wat by jou huis 'n saggearde, vredeliewende mens is wat nooit sal droom om 'n ander onnodige leed aan te doen nie, jy word op pad meteen 'n verwoester en moordenaar van menselewens.

Die gebod van God is baie duidelik: "Jy mag nie doodslaan nie" (Exodus 20:13).

Bestuurder, gaan u meedoen aan die moord en doodslag op ons paaie? Pasop, ons sal daarvoor rekenskap moet gee voor die regterstoel van Jesus Christus.

- **Ons vakansiegedrag**

Is dit nodig dat 'n mens jousef totaal vergeet en te buite gaan as jy met vakansie is? Moet 'n mens, omdat dit vakansie is, noodwendig jou beginsels, jou godsdienstige en sedelike waardes, jou goeie maniere en fatsoenlikheid oorboord gooi? Beteken vakansie dat 'n mens moet drink en bras, die wêreld rondom jou moet vuil mors met papiere en skille en koel drankbotteltjies, privaat en publieke eiendom moet beskadig en met onfatsoenlike en desnoods onsedelike klere drag moet rondsletter?

Die waarskuwing van die apostel Paulus geld seer seker ook van ons vakansiegedrag: "Die werke van



die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie" (Gal. 5:19- 21).

Dink hieroor goed na, en moenie die vreugde van die ewige lewe vir 'n handjievul onbenullige vakansiepret verruil nie!

- **Sondae**

Hoe gaan u u Sondae deurbring? By die viswater, in die swembad, in die roeiboot, op die gholf- of tennisbaan, op die naat van u rug in die rondawel of by die waterkant?

Die uitdruklike bevel van die Here is: „Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig" (Exodus 20:8).

Die dag van die Here moet vir sy diens geheilig word, ook wanneer 'n mens met vakansie is. Hy wat die dag van die Here ontheilig, terg die Allerhoogste God. Is u van plan om dit te gaan doen? Sien u kans om die gevolge daarvan te dra?

Die regte ding is om Sondag kerk toe te gaan — ook al is jy met vakansie. Dink hieroor na en doen dit uit liefde vir Jesus Christus u Verlosser.

* * * *

Neem asseblief hierdie paar wenke aan in die goeie, vriendskaplike gees waarin hul gegee is. En mag u 'n heerlike vakansie hê met 'n welverdiende rus en 'n behoue tuiskoms. Seënwense met Kersfees en Nuwejaar!

Die Gesprek tussen God en mens

Dit het werklik gebeur. .. Herodes Antipas, Vors van Galilea, was tydens Jesus se omwanding op aarde, by ses geleenthede in aanraking met die stem van die Here.

Die eerste gesprek — Sy sonde.

Johannes die Doper het 'n dramatiese ontmoeting met hom gehad. In sy gesig is die beskuldiging geslinger:
"Dit is u nie geoorloof om die vrou van u broer as vrou te besit nie." Herodes was 'n egbreker — 'n vrouedief.

Sy verborge sonde ...

En God het in vlammende prediking, sonder enige ompaie dit aan hom gesê.

Maar Herodes het hom nie bekeer nie.

Die tweede gesprek — Die volhardende roeping

Om Johannes stil te hou is hy in die tronk gebêre.

Maar Herodes kon die gevangene nie weerstaan nie. Dit staan geskrywe dat hy hom dikwels gaan besoek het en hom graag gehoor het.

Maar met die daad het hy nie gehoorsaam nie.

Die derde gesprek — die keuse

Dit was noodlottig. Salomé, eis die Doper se hoof!

En Herodes, in 'n oomblik van rojale gemoedelikheid en dronkmanstoegeeflikheid het sy jawoord gegee.

Ons lees weliswaar van sy trane — maar hy het klaar verkeerd gekies.

Die vierde gesprek — Sy gewete

Herodes kon hierdie dooie man nie afskud nie.

God hamer op sy gewete. Hy meen dat Jesus Johannes is wat weer lewendig geword het (Matth. 14) — by ander geleenthede ontken hy dit weer (Lukas 9).

Die vyfde gesprek — die laaste boodskap

Jesus stuur aan hom 'n direkte boodskap — ontdekkend en appellatief. Uitnodigend om Christus se geheim te soek: "Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre en op die derde dag is ek klaar." Hy laat aan Herodes weet dat Hy in Jerusalem gedood moet word... en dan volg daardie aangrypende woorde: "Jerusalem, jy wat profete doodmaak, en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie."

Die sesde gesprek — dit is verby

Herodes is in Jerusalem. Dit is Paasfees.

Plotseling staan Jesus voor hom — van aangesig tot aangesig. Ons lees dat hy bly was om Jesus te sien en dat hy Hom met baie woorde uitgevra het.

Alleen twee oë het hom aangekyk — Jesus het hom niks

geantwoord nie.

Dié geweldige swye is die einde van die genade vir Herodes. Dit is die uitlewering aan die verharding. Die vallende gordyn. In die verte hoor ons hoedat die deur vir hom toeklap — hard en hol klink sy spotlag op as die swygende Jesus teruggestuur word na Pilatus.

Hoeveel gesprekke het die Here al met u gevoer?

U doop is 'n deurlopende gesprek — die gewete wat roep — die getuienis van die evangelie.
U kan afwys — altyd maar afwys.

Uitstel. Ontvlug. Volhard. Kweuling weglag. As die stem u vasvat, ongeduldig omdraai op die bed en verder slaap.

Dit kan gebeur dat u eendag baie woorde wil praat — en Jesus sal niks antwoord nie.

Onthou twee dinge:

Dit is nou die tyd van Genade — Luister tog!
Daar kom 'n tyd dat die Here swyg — Hoe lank nog?

Volg die vuurspoor van u gewete en die ligfakkelt van die Woord wat roep uit die duisternis na die lig!

PASOP VIR ROOI LIGTE

Hy sit geboë, sy vingers deur sy deurmekaar hare gestrengel.

Wat het gebeur? Hoekom het dit met my gebeur?

Is God regverdig as Hy 'n mens met sulke swakhede skep?

O, die nimmereindigende spel van gedagtes, die rustelose gesoek na oorsaak en oplossing! Dan weer is aardige gebeurtenisse van die verlede so glashelder. Hy sien weer die waardige figuur van mnr. Venter, die voorsitter van die direksie. Ja, hulle het hom verskeie kere gewaarsku. Hy het goeie diens gelewer. Maar so kan sake nie aangaan nie. Die beheer oor die personeel gaan verlore. Koue syfers bewys dat sake nie meer so goed voortgaan nie. Die direksie het na sorgvuldige oorweging besluit om hom nie in die pad te steek nie, maar sal dit hoog op prys stel as hy sy bedanking onverwyld indien. . .

Hy smag na 'n drankie. Dwaarsdeur sy liggaam is daar die onbeskryflike prikkeling van geïrriteerde senuwees. 'n Swaar hoofpyn wil sy kop laat bars. Sy oë voel rou.

Net een drankie!

En hierdie hele aardige werklikheid sal versink in die beskermende arms van bedwelming. Maar dan begin die hele proses van voor af: Weer dodelik siek, weer 'n regmaker, dan nog een. Waar moet dit eindig?

Hy het nie meer verskonings nie. Al die mooi vyeblaar-argumente het hul betekenis verloor. Vandag weet hy dat drank die oorsaak van die ondraaglike spanning in die huis is. Hy weet dat drank daardie liggaamlike irritasie veroorsaak. Dit is drank wat sy brein rusteloos voortdryf. Die vrees en ang . . . die eensaamheid . . . die gesondheid wat nou met alle erns begin ingee. Grillige spoke uit die verlede, hede en toekoms voer 'n gekkedans in sy gedagtes uit. Sy lewe het 'n groot, dreigende, sinlose massa geword.

Hy is verslaaf aan drank!

Verslaaf !!!

Daar was tye toe hy gereken het dat dit nooit met hom sou gebeur nie. Hy het verspot-vriendelik met ander gaste oor die glasies gelag. Hy was nie bang om soms te veel te drink nie. Hy het by sy maats, en selfs by sy onderhoriges bekend gestaan as 'n "sport". Buitendien het hy gewoonlik nog goeie beheer oor homself gehad, as ander ouens lankal handdoek ingegooi het. Dit is net die later jare wat hy nie meer drank kan vat nie . . .

Wat het hy vandag? 'n Vrou wat moet sorg dat die pot aan die kook bly. Die glimlaggende gesigte op die familieportret lyk so onwerklik. Weg is daardie vriende wat sy gastekamer snuif getrap het. Die paar familieleden wat nog kom, preek altyd — 'n klomp skynheilige fariseërs. As hulle tog ook maar wil wegbly!

'n Suksesvolle jongman, belowend en talentvol, maar toe hy die klimaks moes bereik het, was daar net laagtepunte: dit is die verhaal van duisende mense in ons onmiddellike omgewing. Gewoonlik het hulle lankal die werklike lewendige kontak met God verloor, onbewus van die feit dat hulle lewens 'n ander middelpunt gaan soek. Geen mens kan sonder God of 'n god lewe nie. Een van die mees verwoestende gode of middelpunte vir 'n mens se lewe, is verdowingsmiddels. waarvan drank een van die belangrikste is.

Weet u dat oormatige en verkeerde drankgebruik ernstige gevare inhou? Ongeveer 6% van alle

drinkers word alkoholiste, ongeag hul status, ekonomiese klas en sosiale kringe. Vandag is daar heelwaarskynlik meer as 100,000 blanke alkoholiste. Dit is die vloek van verslawing: Baie vroeg in die hele proses word 'n breinspoelingsproses ontketen. Verskoning op verskoning word aangegryp om die gevaarsimptome te verklaar en te ignoreer. Bykans konsekwent word die prooi so verblind, dat hy nie eers besef dat hy met asemberowende spoed op gapende afgronde afpeil nie. Daarom bly alkohol en verdowingsmiddels — wat met onoordeelkundige gebruik tot nog erger verslawingsvorms kan lei as alkoholisme — van die mees verwoestende afgode van ons moderne eeu. Dit is gewaande vriende wat 'n mens later in die steek laat...

A. P. C. Duvenage.

Hoe kom ek tot geloof?

In die grond van die saak is dit 'n vraag wat die een mens vir 'n ander mens nie kan beantwoord nie. Die Geloof is in werklikheid 'n wonder.

Dit is 'n geheim, want dit is God se werk.

Sy Gees blaas die geloof in jou hart.

Sy Christus oorweldig jou.

Vooraf moet ons daarom een ding baie duidelik en seker weet: Geloof is nie 'n menslike prestasie nie. Dit is nie iets wat een mens vir 'n ander mens kan gee of wat 'n mens self kan neem of weier nie.

Tog is daar 'n wonderlike tweehed van God se daad en ons daad. Sy verkiesende liefde wat die Geloof as 'n geskenk gee, is die een waarheid — ons verantwoordelikheid om te neem wat Hy gee is die ander waarheid.

God gee sy Woord — Ons moet antwoord.

By Hom is die aksie — By ons moet die reaksie wees.

As ek met hierdie vraag worstel, is die stappe om tot die Geloof te kom, van ons mense se kant gesien, die volgende:

- Verwyder van u alle hoogmoed en onwil. Ondersoek self of hierdie vraag waarlik 'n ernstige begeerte is, nie 'n blote vraag vir argumentshalwe nie. God wil dat ons eerlik moet wees. U sal die geloof nie ontvang, solank u heimlik in u hart dit nie wil ontvang nie.
- Is u oortuig dat u graag wil glo? Goed, skep dan moed, want hierdie behoefte sou nie by u opgekom het, as God nie al met u besig was nie. Die feit dat u met die kerk en die Bybel in aanraking gekom het, is nie toevallig nie. Die Here het alreeds u pad gekruis.

Want ons sal Hom nie soek as Hy ons nie lankal reeds gevind het nie.

God het dus al klaar gehandel. Nou word daar aksie van u kant verwag!

- Hierdie aksie is: Ons moet Hom nou ernstig soek. Waar sal ons die Here vind?

In die Bybel

Hier leer ons die sprake van God verstaan oor my lewe en dié van die hele wêreld. Hier twis God met my. Ons leer ons verloreheid ken, ons skuld, ons nietigheid. Maar hier word ons gedagtes hoër opgevoer na die liefde van God wat ons sondes aan Jesus gestraf het.

Lees die Bybel. Deur middel van hierdie daad sal die Heilige Gees die geloofsaad saai.

In die kerk

Luister na die prediking van die Woord. Want die Here sê self in Romeine 10:13-14 en 15-17: Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Hoe kan hulle Hom dan aanroep, in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."

In gebed

Vir hom wat klop, sal oopgemaak word; wie soek, sal vind; wie bid, vir hom sal gegee word... so belowe die Here ons.

- Om tot die geloof te kom vra dus ook werk van ons kant. Dit val nie soos 'n ryp appel in ons skoot nie.

As ons dit alles gereeld doen, moet ons nie haastig word nie. God se tyd is anders as ons tyd. Dit neem dalk jare ... Soms is dit goed. Die Here honger ons uit sodat die behoefte aan die voedsel sterker word. Volhard in Bybellees, kerkbesoek en gebedslewe!

Ons moet hoor en volg. Iemand het gesê dat hy hierdie hoor en volg nog nooit korter en mooier kon verklaar nie as in 'n Engelse grafopskrif:

FREDDY!

Yes Lord.

Om tot die geloof te kom, is in werklikheid so ontsaglik eenvoudig ...

— W. J. de Klerk.

EK BID NIE WANT DIE HERE VERHOOR NIE MY GEBED NIE

Jy sê die Here verhoor nie jou gebed nie . . .
Het jy al ondersoek ingestel of die fout nie dalk
by **jou** lê nie?

Die vereiste vir 'n ware gebed is **geloof**, geloof
dat God wil luister en dat God magtig is om te
help, Verder is **ootmoed** nodig, d.w.s. ons
moet van ons eie troon afkom. met diepe
ontsag, in onderdanigheid en nederigheid tot
God nader.

Ook moet ons gebede van **opregtheid** getuig en nie van geveinsdheid nie. Dit beteken dat ons nie
slegs van God sal bid nie, maar sal begeer en stry om dit te verkry. As ons bv. bid om van 'n bepaalde
sonde verlos te word, moet ons ook doelbewus teen die sonde stry — anders is ons nie opreg nie. Om
opreg te bid, beteken om ons ganse sielelewe voor die oë van God te stel en niks te verberg nie.

Verder moet ons met **vrymoedigheid** bid. Vrymoedigheid is nie geestelike oormoed nie, ook nie
dwanguitoefening nie, maar die moed en durf om God werklik te smee om die vervulling van sy
beloftes.

Ook moet die ware bidder kennis van God besit wat Hom in die Bybel aan ons openbaar; kennis van
homself in sy geestelike nood en sondeverdorwenheid; kennis van Jesus Christus wat die vaste grond
vorm vir die verhooring van ons gebed.

Met hierdie paar vereistes in gedagte wil ek jou nou reeds vra; beantwoord jou gebed hieraan? Moet
tog nie die sondes vergeet wat ons gebedslewe nie welgevallig voor God maak nie. Daar is so baie
sondige gebede: Sleurgebede wat geen ontroering bevat nie; lippegebede wat nie uit die hart ontspruit
nie; dwang-gebede wat God wil dwing en nie wil berus dat sy wil moet geskied nie; egoïstiese gebede
waarin dit om die eie ek bo die eer van God gaan.

Onverhoorde gebede

Kom ons bespreek verder die kwessie van onverhoorde gebede.

In die Skrif kry ons verskillende voorbeelde van onverhoorde gebede: Moses wat die Beloofde land
nie mag binnetrek nie (Deuteronomium 3:23-28); Dawid wat om die lewe van sy kind bid (2 Samuel
12:16); Paulus wat bid om die doring in die vlees maar die Here wil sy gebed nie verhoor nie (2 Kor.
12:7-9).

Daar bestaan dus so-iets soos onverhoorde gebede maar ek wil jou nou al waarsku om nie te gou te sé
dat jou gebed onverhoord bly nie want God laat ons dikwels lank wag om daardeur ons geloof te
beproof en te louter; of om ons te beproef met watter motief ons bid; of om te laat uitkom of die gebed
ons erns is; of om ons te laat volhard in die gebed.

Maar, nou goed: Gestel God wil nie my gebed verhoor nie, dan wil ek met groot beslistheid sê dat God
om heilige redes nie wil verhoor nie. Dan gaan dit om die eer van God (die doring in Paulus se vlees
laat God se krag in Paulus se swakheid volbring word) en vir die beswil van die mens in Jesus
Christus. As God my gebed in daardie opsig sou verhoor, sou ek miskien my teen God verhef of ek
sou weggetrek word van die Here. Die apostel Paulus sê in Romeine 8:28: „En ons weet dat vir hulle
wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is." Hierdie woorde
geld ook ons onverhoorde gebede.

Aanhou bid

Nee, my vriend, hou aan met bid.

Die gebed is die ademtog van die siel, die polsslag van ons lewe, 'n magtige wapen in ons geestelike stryd.

Dit is die toegang tot God in die naam van Jesus Christus.

Dit is die vrug van die Heilige Gees as uiting van die nuwe lewe.

Dit is die skakel in die vervulling van die belofte: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word." Mattheüs 7:7).

My vriend, hou op met jou kritiek op die gebed.

HOU AAN MET BID.

C. J. Malan.